durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

9 Februarie 2020




**9 Februarie 2020, Preekreeks: #24/7 Gesoek/Gevind Sinodale dankdag**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Dr. Kobus de Jager*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Dr. Kobus de Jager*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

**Deuroffer: Bediening aan Dowes**

18:00 **@6 Diens**
*Arno Mattheus*

**16 Februarie 2020, Preekreeks #24/7 Skaars**

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Philip Scholtz*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Philip Scholtz*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

**Deuroffer: Alta du Toit Nasorg**

18:00 **@6 Diens**
*Christiaan Kahler*

## Maand oorsig:

14 Feb: Gr. 4-6 Oorslaap
18 Feb: Doopkategese
21 Feb: Glow Kidz Gr.1 – 3
Ouers en kind Oorslaap
23 Feb: Eerste Lydensweek
NAGMAAL
24 Feb: Kerkraadsvergadering
26 Feb: Aswoensdag
27 Feb: Seniors
29 Feb: Betesda-mark

## VERITAS BYBELSKOOL



Die Veritas Bybelskool leer lidmate hoe om die Bybel te lees en op hul lewens van toepassing te maak en ook basiese bedieningsvaardighede soos hoe om 'n preek voor te berei of Bybelse berading te doen.

Hierdie jaar doen al vyf-en-twintig belydenisklas jongmense Veritas 1 as deel van hulle belydenisjaar (foto bo regs). Bid gerus dat hulle in hierdie jaar 'n liefde vir die Woord sal kweek.



Ook is drie nuwe Module 1 fasiliteerders opgelei om Veritas aan te bied. Van links na regs is Danie du Preez (hoof van Veritas Kollege SA), Annamarie Visser, Amelia Potgieter en Deon van der Merwe. Jy kan die 12 Februarie of 09:00 die oggend of 19:00 die aand registreer om Veritas te doen. Kontak Ds Johan Els vir meer inligting.



**Op 10 Feb was dit ons kerk Durbanville-Bergsig se verjaarsdag, ons vier 38 jaar. Ons uitstuur teksvers Matteus 5:14-16 herinner ons aan ons roeping om een van Sy ligdraers te wees.**

## So lyk my padwysers in 2020 *deur Stephan Joubert*

Welkom by 2020. Mag ek sommer met die deur in die huis val deur 'n stukkie te deel wat ook vae padwysers vir jou eie lewe kan wees.

- In 2020 gaan ek nie my ore uitleen aan verbitterdes, verstoktes en hooploses nie. Hoopvolle mense gaan my mentors wees, daardie klein groepie wat in Romeine 5 se taal teen alle hooploosheid in bly glo.
- In 2020 gaan ek nie fokus op alles wat verkeerd is in die wêreld of in die kerk nie. Ek gaan kies om dit raak te sien wat reg is op God se front.
- In 2020 gaan ek nie ander mense afkraak of uitbuit tot my eie voordeel nie. Gedurig gaan ek die Here vra om my hart sag te maak om mense rondom my te dien en te respekteer.
- In 2020 gaan ek myself nogmaals nie dood vergader of stokflou beplan nie. Dit is 2019 se uitgediende manier van probleme hanteer en lewe probeer blaas in flou sisteme in die kerk en elders.
- In 2020 gaan ek oor en oor kies om die Here te dien saam met my familie. Doen dit asseblief ook saam met my in die nuwejaar. Mag dit jou beste jaar ooit wees.

Stephan is die skrywer van die Leef 24/7 boek waarmee ons die jaar besig is in die kerk as Gemeente.

**Ons is besig met week 3: Gesoek en Gevind: Die slimste jongmense in Suid Afrika**

1. Die wysheid is taktvol (neem gevoelens in ag). (Spr.3:21). Moet ons altyd taktvol wees, of kan ons soms reguit praat oor wat verkeerd is? Indien wel, hoe praat mens in wysheid reguit?
2. Wat is vir julle die belangrikste wat volwassenes vandag vir jongmense moet leer sodat hulle wys kan leef?
3. Watter gedrag sien jongmense by die volwassenes wat hulle wys maak en inspireer?
4. Watter voorbeelde van dwaasheid sien die jonger geslag by die volwassenes?

**UITSIG GEMEENTE,**

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

### HOUSE OF GRACE

Een van die dogters in House of Grace is vanjaar in matriek en ons benodig 'n tweedehandse laptop om haar te help met haar studies.

Ons gee ook aan elke kind 'n koek met sy/haar verjaarsdag en benodig 'n paar dames wat bereid is om 'n kind te bederf met 'n verjaarsdagkoek op hulle spesiale dag.

Vir meer besonderhede oor enige van bogenoemde punte kontak asb. vir Leonette Burger by 0824405662.

### ATTIE VAN WYK

Ons is dringend opsoek na iemand wat soggens vir ons kan help om die Graad 1 klassie se geestelike versorgingslessies op Woensdae aan te bied. Elke Woensdag van 9:30-10:00, is ons in die klas, maar ons bid saam vanaf 9:15.

Bel of WhatsApp my asb op 083 235 1400 wanneer die Here dit op jou hart lê om deel te raak van hierdie wonderlike bediening! Liefde en Vrede Nelda Rousseau

**Shiloh "Gifts of Grace" Skryfbehoefte Projek 2020**
Ons benodig nog heelwat skryfbehoeftes!
Ongebruiktes ook welkom
Ons konsentreer op skole aan die buitewyke van Kaapstad waar die grootste nood is.
Skenk fondse / skenk skryfbehoeftes / Kontak Delene by Shiloh sel : 072 370 7198 / admin@shiloh.org.za
www.shiloh.org.za
Bank besonderhede: Rekening houer: Shiloh Synergy
FNB Willowbridge Tak: 250655 Rek nr 62264338643 (tjek)
Vewrwysing van en GoG

FISANTEKRAAL
Centre for Development
Equipping people for a meaningful life

DO YOU NEED STAFF? WE SUPPLY TRAINED STAFF FOR THE RETAIL, OFFICE ADMINISTRATION, HOSPITALITY AND HOME BASED CARING INDUSTRIES

CV'S OF TRAINED STAFF • SENT WITHIN 48 HOURS • NO COST INVOLVED • ACCESS TO ONLINE CV VIDEOS(CUCV)

NO COST INVOLVED • MINIMAL EFFORT • DOING GOOD AT THE SAME TIME

CONTACT CHANTELLE ON 021 975 7764 OR EMAIL PARTNERS@FISANTEKRAAL.ORG.ZA

**Ons is opsoek na 'n naaldwerkmasjien wat stof opgaar. Een van ons werklose enkel mamma's wil graag begin naaldwerk doen vir 'n inkomste. Enige naaldwerk toerusting, lappe en gare is welkom.**

**Julle kan dit kerk toe bring en vir Liezl merk, ons sal sorg dat dit by die mamma uitkom.**

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsigprojekte oor grense

**Lesotho Uitreik Desember 2019**

Ons gesin saam met Niel Kotze, wat graag die bediening en sendelinge persoonlik wou ontmoet sodat hy kan sien waarvoor hy bid, het 12 Desember 2019 vertrek.

Ons het die eerste aand by Ds Kobus Eksteen, voorheen 'n Mosambiek sendeling, op Rietbron oorgebly.

Daarvan was dit n laaaang rit tot by Semonkong Children Centre(SCC) en het ons eers die aand 22:00 gearriveer.

Bergsig is al vir +6jr betrokke, met onder meer jeuguitreike na SCC. Om 'n backpackers te begin in een van die leë huisies was 'n groot dryf, met geen positiewe resultate nie – tot nou toe.

'n Nuwe Mamma wat vasvat is in Mei 2019 aangestel en sy het die visie gesnap. Van Junie tot Desember het hulle +R80 000 verdien uit die backpackers en kon vir die laaste 3 maande al die personeel daaruit ten volle betaal, 'n Kersbonussie gee en die 40 kinders bederf – iets wat nog nooit in die 20 jarige geskiedenis van SCC gebeur het nie.

Uit die landbou kry hulle ook nou drie keer per week vars groente.

Baie harde werk is ingesit deur Francois Snyman en sy gesin van Love Lesotho Ministries. Hulle is nou al 4 jaar permanent daar. Ons het heerlike tye saam met hulle deurgebring en sy 4 kinders het ons seuns se geselskap baie waardeer. Deur hulle bediening is die laaste 18 maande 82 huiskerkies in verskillende villages begin en 46 pastore opgelei.

Gaan kyk gerus op beide se Facebook wat alles daar gebeur. En as jy moeg is vir die lewe in die stad vat dan die pad – dis teerpad al die pad en enige voertuig kan daar uitkom.

### BEHOEFTE AAN WERKSGELEENTHEID

Ons benodig dringend werk vir DRIE van ons skoolverlaters.

Een van die skoolverlaters by die Durbanville Kinderhuis het haar Senior Sertifikaat in 2019 voltooi. Sy is 'n vriendelike, goedhartige jong vrou en is uitstekend met kinders. Sy het 'n groot belangstelling in onderwys en menslike hulpbronne.

Die ander twee skoolverlaters by die Durbanville Kinderhuis is vriendelike, hardwerkende jong volwassenes. Hulle albei stel belang in Algemene werk.

As u kan help, kontak vir Johanna Strauss by jstrauss@durbanvillekinderhuis.org.za of op 021 975 6822.

### Love Unveiled


Moriah-huis soek dringend 'n goeie tweedehandse topload wasmasjien. Ons kan 'n Speedqueen kry vir R2000, indien iemand eerder wil geld skenk.

Hulle moes noodgedwonge die geyser vervang, maar soek nou 'n Geyserwise Controller, om geyser te beskerm en elektrisiteit te spaar.

Daar is ou polycop pype in die dak wat dikwels bars, wat vervang moet word. Indien iemand Composite pyp (20m) wil skenk of die werk wil doen, sal waardeer word.

**Hawe van Hoop:**

Hulle het 'n geweldige elektrisiteitsrekening gekry (R6000 vir twee maande wat hulle feitlik nie daar was nie). Kan iemand 'n elektrisiteitsmeter (eenheidmeter, nie pre-paid) skenk? Koste + - R700.




Bergsig het 'n gebeds-WhatsApp-groep waarop ons gebedsversoeke van individue en die gemeente deel en dan saam daaroor bid. Indien jy deel wil wees van Bergsig se GEBEDSGROEP stuur asb. jou naam en nommer vir ds. Mizelle by 083 394 1101.

Indien daar iets in jou lewe, die gemeente of die samelewing gebeur waaroor ons ernstig moet bid, stuur asb die gebedsversoek ook na ds Mizelle en sy plaas dit op die groep.

Om 'n lewe te leef sonder gebed is net so onmoontlik soos om te lewe sonder om asem te haal.

*Alle vroue word genooi na die Wêreldbiddag vir Vroue*

**Plek:** Durbanville Gemeente

**Datum:** 6 Maart 2020

**Tyd:** 08:00

https://worlddayofprayer.net/

Onderwys is vir ons as kerk 'n belangrike saak. Die kerk beywer hom daarvoor om deurentyd in voeling te wees met onderwyssake en lewer soos nodig kommentaar op voorgestelde wetgewing en ander sake wat van belang is. Die kerk fokus ook op Vroeë kinderontwikkeling (VKO), as deel van sy missionale diakonaat.

Sake vir voorbidding :

- Die ministers van Onderwys en plaaslike onderwysstrukture.
- Dankbaarheid vir uitstekende skoolhoofde en onderwysers, dosente, ouers en leerders.
- Plaaslike skole, skoolhoofde, beheerliggame, onderwysers, ouers en leerders.
- 'n Fokus op gemeentelike betrokkenheid by die onderwys.
- Voorbidding vir werklose jongmense.







## Hoe leef en preek ons hoop?

**Coenie Burger en Braam Hanekom** bied op 13 Februarie 'n gesprek hieroor aan vir predikante, gemeenteleiers en lidmate. Coenie het pas 'n boek oor Openbaring voltooi waarin die tema van hoop ondermeer aangespreek word. Braam sal poog om vanuit die perspektief wat die Sentrum vir Publieke Getuienis bied, 'n realistiese en hoopgewende perspektief te bied.

Waar: NG kerk Stellenberg
Wanneer: Do, 13 Februarie 2020 @ 09h00–12h00
Koste: R50 pp betaalbaar by die deure
Inskrywings: 021-9577202 of spg@kaapkerk.co.za

**DEUROFFER: Bediening aan Dowes**
**139 Jaar van dienste aan dowes** deur die Nasionale Instituut vir Dowes - wat 'n voorreg.
... En hoe sal hulle van Hom hoor sonder dat daar iemand is wat die boodskap bring Rom 10:14

## BYBELGENOOTSKAP CT CYCLE TOUR

"Hiermee word almal uitgenooi om tydens die komende "Cape town Cycle tour", saam met die Bybelgenootskap se fietsryspan te ry en geld vir Bybelverspreiding in te samel.

Jy kan dit doen deur saam vir die Bybelspan in te skryf (die besonderhede aangeheg) of as jy reeds 'n nommer het, kan jy met borgvorms geld vir Bybelverspreiding insamel.

E-pos ons by basson@biblesociety.co.za

Kraaifontein-Noord hou Basaar Saterdag 29 Februarie 2020 by Fanie Theron Laerskool

Basaar open 09:00. Alles wat jy by 'n Basaar soek sal daar wees. Heerlike ingelegde produkte, eetgoed, brood en beskuit en sommer nog baie meer.

Vir die kinders sal daar speletjies wees, asook die gewilde perdjies!

Vir meer inligting kontak Alta 021 988 3384 of ds Götze 084 606 1106

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na:**

**071 529 9491**

## NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel: **http://bit.ly/nuwelidmate** of skandeer die QR kode of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word.
Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

## GEMEENTEKAMP 2020 Ceres



Skop die vakansie op 'n hoë noot af!

20 - 22 Maart 2020
Navrae: Jolene Schoeman **083 444 3550 jolene@inboxme.biz**
Gewone karre kan maklik tot by kampterrein ry.

## ONS DAAGLIKSE BROOD

*"Om te gee, maak mens gelukkiger as om te ontvang"*

**Koninkryksveldtog (Okt '19 - Febr '20)**

| | |
|---|---|
| DOELWIT | R750 000 |
| INGESAMEL | R600 441 |
| BENODIG | R149 559 |

**Kontant / Koevert / EFT / Debietorder / Zapper / Snapscan**




**Koop jou nuwe LiG tydskrif nou**

"In Hom was daar lewe, en dié lewe was die *lig vir die mense*"
– Johannes 1:4




## Leef 24/7 JAARTEMA BOEKIES:

Baie dankie aan lidmate wie ekstra betaal het vir die Leef 24/7 boekies. Ons waardeer dit opreg. Ons kon 6 ander lidmate daarmee seën.

Volgende week sal daar weer boekies beskikbaar wees.

# VERITAS BYBELSKOOL

Ons is BAIE opgewonde dat die Veritas Bybel-skool weer hierdie jaar by Bergsig aangebied word.

Dit word tans in 26 lande aangebied en dra internasionale status. Die hooffokus van Veritas is om lidmate toe te rus met die basiese vaardigheid om die Bybel verantwoordelik te kan lees, van toepassing te maak in jou alledaagse lewe en bedieningsvaardighede te leer.

Jy kan verwag om geweldig te groei in jou verhouding met Jesus omdat jy God se stem baie duideliker leer onderskei vanuit die Woord.

Module 1 & 2 word die jaar by Bergsig aangebied op Woensdagoggende om 09:00-11:00 en Module 1 & 4 Woensdagaande 19:00 – 21:00 vanaf 12 Februarie.

Module 4 word aangebied op Dinsdag-oggende om 09:00 – 11:00 vanaf 11 Februarie.

Die kursus strek tot Oktober. (Hou kalender dop vir af tye oor langnaweke en vakansies.)

Die koste vir die hele jaar R450 pp & R700 per paar.

Kontak Ds. Johan Els vir verdere navrae by

ds.johan@bergsigdv.co.za

Inligtingspamflet by deure beskikbaar. Lees meer:

www.veritascollege.org

**Let wel:**

Die groep wat Veritas 1-4 by Ds. Johan Els voltooi het se Bybellees-sessies gaan voort op 'n Dinsdag om 9:00 vanaf 11 Februarie 2020. Daar sal per WhatsApp groep kommunikeer word.

Besoek gerus Durbanville-Bergsig se web: www.bergsigdv.co.za

# kuierkerk@bergsig





Kom kuier saam by die kerk op Sondag, 9 Februarie 2020 om 11:30 (na informele diens).

Bring eie braaivleis, drinkgoed en eetgerei of jou gunsteling wegneemete, vure word voorsien.

Almal welkom: kleingroepe, individue, oud en jonk, persone wat wil deel word van 'n kleingroep en selfs jou skoonma…

Vir meer inligting kontak Murray by bergsig.kleingroepe@gmail.com

Spesiale versoek van Gr. 7 dogter met sagte hart wat wil uitreik na minderbevoorregte families met babas. Sien haar versoek hier op die briefie. As jy wil bydra kontak haar ma by 082 725 7998 (Gerda)




# KLEINGROEPE 2020
## KOM WORD DEEL

**Word deel van 'n Kleingroep in 2020.**

Individue, egpare, gesinne, vriendegroepe ensovoorts, kan hier registreer om deel te word van 'n kleingroep by Durbanville-Bergsig NG Kerk. Die indeling sal vroeg in 2020 plaasvind.

Kliek op hierdie skakel of scan die QR code: http://bit.do/registreer

Registreer












# Mamma groep



Woensdae 9h00 – 11h00 in jeuglokaal
(In skool kwartaal)
Enige mamma wat wil kom saam kuier is welkom.
Ons bid saam, ondersteun mekaar in uitdagings en is saam opgewonde oor mylpale en klein dingetjies wat saak maak.
Ons is ook saam kreatief en geniet mekaar se talente.
Kom geniet 'n warm koppie tee!
Kontak persoon: Christa Odendaal: 083 354 3527







# DURBANVILLE PLAASFEES™

14 MAART 2020 | 08:30 - 17:00

MEERENDAL WINE ESTATE

TROTS GEBORG DEUR King Price INSURANCE










# DURBANVILLE PLAASFEES™




COMPUTICKET

## KAARTJIES NOU TE KOOP
## R70 Volwassenes & R30 kinders
## By kerk en Computicket

**DRAADKAR GRAND PRIX**

- Piekenierskloof 1 x nag akkommodasie vir Gesin van 4 persone met Zipline ervaring
- 10 Pretpak rit-kaartjies
- 2 x Ipic Play 2-hour play vouchers




**PLAASFEES KOMPETISIE R100 per kaartjie**

1ste: Jong-bees Agterkwart

2de : Meerendal Boutique hotel 1 nag vir 2 persone met ontbyt

3de: Familie Fotosessie

Esméralda PHOTOGRAPHY



1702 MEERENDAL WINE ESTATE



**DRAADKAR GRAND PRIX**

**KRITERIA OM IN AANMERKING TE KOM VIR DIE PRYSE:**

- **WENNER:** Tuisgemaakte, mees kreatief versierde draadkar wat die wedren voltooi, met 4 wiele op die grond.
- 10 Pretpark rit kaartjies aan deelnemer - gelukkige trekking
- 2 Ipic play aan deelnemer – gelukkige trekking
- Alle draadkarre kry geborgde item vanaf King Price Insurance, die hoofborg

zapper donate with VISA and many more www.zapper.com scan to donate now

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

SnapScan Snap here to pay https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za

**S33 48.966 018 39.728**

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810